Opuntia ficus-indica

E: yellow prickly pear, cactus pear
A: turksvy
D: gelbe/ grüne Kaktusfeige
H: omusaiyena (hele plant), otjisaiyena (vrug) (ek is nie seker of my spelling reg is nie)

Ons almal ken dit: of weens die rooi omumgonguas (rooibye) daarin, of weens die heerlike verfrissende vrugte in die somer, OF omdat dit uitbrei en die omgewing vervuil.

Eintlik kom dit vanaf Mexico, maar dit het al wereldwyd uitgebrei en is tans gevestig in Noord- en Suidamerika, in die MEESTE warm, droë dele van die wereld, selfs langs die Middellandse See.

Hierdie plant is een van die wonderwerke in die natuur: BAIE aanpasbaar, kan uiterste weersomstandighede weerstaan (behalwe te veel water), is op veelvulgdige wyse benutbaar vir die mens, voorsien kos en beskermende tuiste vir menigte diere.....MAAR dit en vele van sy "boeties en sussies, neefs en niggies" veroorsaak ook vervuilingsprobleme, GROOT vervuilingsprobleme!

Hoe kan dit sover kom?

Mense kom by ander mense, sien iets moois in die tuin, breek 'n stukkie af en plant dit in die eie tuin. Dit groei, begin uitbrei, neem te veel plek in. Daar word afgesny en alles wat te veel is, "weggegooi", dikwels sommer 'n entjie weg van die huis in die veld. En daar lê dit, begin wortel skiet en groei weer. Omdat dit weg van die huis is, sien ons dit eers, as dit TE VEEL en TE GROOT is, as ons dit NIE MEER KAN BEHEER NIE.
(En dit is eintlik die rede, HOEKOM ek juis hierdie plant as voorbeeld geneem het).

'n Ou blaar wat afgeval het, skiet wortel

In Namibia is daar menigte kaktusgewasse, wat onbeheerbaar geword het en groot areas bedek en nog steeds verder uitbrei! Soveel so, dat 'n mens nie meer in die veld tussen die plante kan deurbeweeg sonder om seer te kry nie. Wat dan van die vee?!

DINK GOED VOOR JULLE KAKTUSPLANTE BUITE IN DIE GROND PLANT! (Kaktusgewasse in potte is makliker om te hanteer). Deur hulle te laat dors lei en die beperk van groeiplek word hulle groeibereidwilligheid ingekort.

Die turksvy is bekend vir sy waarde as veekos in droogtetye, en daar is selfs 'n doringlose spesie gekweek, wat kommersieel aangeplant is in Suid Afrika. Die opbrengs wissel tussen 20 tot 30 t/ha, selfs 60 t/ha is al afgehaal! (Ek dink hier word van die vrugte gepraat, die veekos sal seker meer wees)

Die voedingswaarde van die vrugte is vergelykbaar met ander vrugte soorte. Dit kan vars geniet word, maar word ook verwerk tot jellies, ingelê, tot stroop, versuiker, selfs tot 'n helder "Schnaps" of "Klarer" gedistilleer (dink aan Tequila, dis turksvy) likeure, joghurt, roomys en wyn kan daarmee gegeur word. Van die blare kan ook lekker en verfrissende slaaie gemaak word, gemeng met ander groente-/vrugtesoorte of alleen met 'n lekker slaaisous.

Blaar weefsel, selstruktuur

MOENIE TE VEEL VARS TURKSVYE (meer as vier) OP EEN SLAG EET NIE! Dit kan GROOT probleme veroorsaak in die derms: die pitte koek saam, vorm 'n harde bol wat soos 'n prop werk, en die hele verteringsapparaat kom tot stilstand - hardlywigheid. Eintlik is dit onder ons boere algemeen bekend.

<u>Medisinale waarde</u>

- Sit gekneusde blom- en kelkblare of snye van blombodem of vrug op, dit verminder swelling en juk, werk sametrekkend (astringent), stop bloeding
- Enige velprobleme, karkatjies, swere, uitslag, brandwonde, insekbyte/-steke, snye, oop wonde
- Sny vrug in half, hol helfte uit , gebruik binnekant van die vrughelfte as wondpleister
- maagaandoenings, gastritis, sooibrand, winderigheid, maagsere, koliekerigheid : preserveer in heuning en appelasyn (resep ekstra bladsy)
- vergrote prostaatklier: in Italië word van gedroogde blomblare 'n middel daarteen vervaardig

- diabetes: kneus blare, strooi koeksoda (bicarbonate of soda) oor, laat trek oornag, gee stroop
- kinkhoes: kneus blare, voeg water by, kook vir 30 minute, versoet (moontlik met heunung), kook eenkeer op; gee van die stroop net een teelepel op 'n slag
- Aan diegene van julle wat baie perdry: As julle "Westerns" lees, sal julle weet, dat die kok en die "dokter" op 'n groot beestrek een en dieselfde en dus die belangrikste persoon was. Hulle het saalseer (wund geritten) en aambeie (Haemorrhoiden) met oopgesnyde turksvyblare behandel, wat op "the place of glory" gesit is.

Nog 'n BAIE GOEIE RAAT: set gebreekte lidmaat tussen/teen "splint" gemaak van verlengde stamgedeelte van die blaar; skraap dorings af, split stam in die middel, bind gebreekte deel daartussen vas.

Inligtingsbronne:
100 Edible and Healing Flowers (Margaret Roberts)
Gift-, Heil- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
People's Plants (Ben-Eric van Wyk, Nigel Gericke)
Teks en fotos: Anka Eichhoff

Resepte vir wondpap (wound dressing) en maagseer-omuti

geskilde vrug

<u>Wondpap</u>
Hol een ryp oopgesnyde turksvy uit, Sit blomblare by, druk fyn. Gooi kookwater oor, druk fyn, meng goed. Masseer warm pap wond/seer plek (as moontlik). Bedek seer plek heeltemal met die pap en draai toe met warm nat lap. Verbind en hernu gereeld vir twee dae.

<u>"Muti" vir maagsere</u>
10 ryp turksvye
500 g heuning
750 ml appelasyn

Skil vrugte, sny in dun skywe en pak in inmaakbottels.
Verwarm heuning en asyn tot saamsmelt.
Giet hierdie stroop oor die vrugskywe tot heeltemal bedek is.
Verseel en hou in koel donker plek
Wanneer nodig, laat vrug afdrup en neem een eetlepel daarvan per dag.